

**Saterdag 11 Junie**

**Skrifgedeelte: Romeine 6:1-14**

**Fokusgedeelte: Romeine 6:5**

**Klaar opgewek uit die dood, lewe jy reeds vir ewig**

Soos jy beskuit in koffie doop dat die hele beskuit vol koffie word, so word gelowiges deur die Heilige Gees se werk in Christus ingedoop dat ons heeltemal een word met Hom, en Hy met ons. Ons is só in sy dood gedoop dat ons ou sondige mens saam met Hom aan die kruis gesterf het, en saam met Hom begrawe is (vs 4).

Maar as gelowiges saam met Christus in sy dood was, dan volg dit logies dat ons saam met Hom in sy opstanding sal wees (vs 5). In Galasiërs 2:20 skryf Paulus dat gelowiges met Christus gekruisig is en dat dit nie meer ek en jy in ons sondige aard is wat lewe nie, maar Christus wat in ons leef.

In Efesiërs 2:5-6 lees ons dat God deur sy liefde almal wat in Christus glo uit ons geestelike sondedood lewend gemaak het in Christus. Dat Hy ons in Christus saam opgewek het uit die dood en vir ons 'n plek in die hemel gegee het saam met Hom. Let mooi op dat hierdie alles in die verlede tyd geskryf is. Dit het reeds gebeur.

Ons liggame sal nog sterf indien Jesus nie eerder weer terugkom nie, maar in Christus leef ons gees reeds vir ewig – ons sal nie weer sterf nie. Het Jesus dan nie vir die bekeerde rower op die kruis langs Hom gesê dat hulle daardie selfde middag nog saam in die paradys sou wees nie (Luk 23:43)?

Moenie in hierdie lewe se plesier en sorg en sonde vasgevang raak nie – rig jou gedagtes op Christus in Wie jy reeds ewig lewe met Hom in jou. Jou lewensverwagting is reeds vas en seker ánderkant die graf van jou liggaam – in die hemel saam met Hom. Laat jou oorwinning oor sonde en jou lewensvreugde elke dag getuig van jou hemelse lewe in Christus.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5*

*Ds. AJ Burger (Andries) (Pinetown)*